

PRO

VERITATE

INHOUD/CONTENTS

Die Afrikaner, die Bantoe en die Kommunisme	1
Christianity in Communist Countries	1
Inleidingsartikel/Editorial	5
Oordenking	6
Hiervan en Daarvan	7
Evangelia — Rewolusie — Verlossing	9
Readers' Views	10
Worker-Priests in the Corridors of Power	12
Kerk en Staat	14

CHRISTELIKE MAANDBLAD VIR SUIDELIKE AFRIKA—CHRISTIAN MONTHLY FOR SOUTHERN AFRICA

March 15 Maart 1965

5c

Intekengeld R1 Subscription

Jaargang III, Nr. 11

Volume III, No. 11

By die Hoofposkantoor as Nuusblad geregistreer.

Registered at the Post Office as a Newspaper.

Die Afrikaner, die Bantoe en die Kommunisme

— JACQUES KRIEL

Aan die begin van die Afrikaner se denke oor sy roeping en voortbestaan hier in Afrika, staan die gelofte van Sarel Cilliers. In die oomblik van hulle grootste onsekerheid bid die Voortrekkers onbeskaamd om 'n oorwinning in die oortuiging dat „...de ere Gods... erdoor verheerlijk (sal) worden dat Hem de roem en de ere van de overwinning worde gegee.”

Maar wat beteken dit wanneer 'n mens 'n verbond met God maak? Dit beteken dat die mens nou afsien van sy reg om volgens eie ideale en begeertes sy toekoms te beplan en sy daade te orden en hom volkome plaas onder die verordeninge van God. Die wese van so 'n verbond is dat hy onderneem om te leef soos God wil — want alleenlik dit is 'n lewe tot eer van God. Hierdie verordeninge wat nou die grondslag vir die verhouding van die mens tot sy God vorm is deur Jesus Christus saamgevat as: „Jy moet die Here jou God liefhê...“ en „Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.“ Die verbond met God sluit dus die naaste in en impliseer 'n nuwe verhouding tot die naaste onafhanklik van ras, kleur of taal, 'n verhouding onafhanklik van die begeertes van die mens, 'n verhouding as opdrag van God. „Oral geld dus die onverbiddelike verordening van die nuwe verbond dat ons ons naaste, vriend of vyand, moet liefhê soos onself; dat ons in elke mens Jesus Christus moet sien, wie en wat die mens ookal mag wees;

en veral dat ons daarom elke mens moet behandel asof Jesus self ons toespreek deur sy teenwoordigheid.” (D. C. S. Oosthuizen).

Dit het ons voorvaders wel deeglik besef, en hierdie besef het gaandeweg sy uitdrukking ge-

vind in die begrip van **voogdyskap**: die blanke is hier geplaas om die nie-blanke volkere te lei tot 'n voller, mens-waardige bestaan. In hierdie begrip word blank en nie-blank nou aan mekaar verbind en op mekaar aangewys sonder om die een aan die ander op te offer. As ek Dr. D. F. Malan reg verstaan, het hy hierdie begrip so ernstig opgeneem dat hy, in die gees van Cilliers se gelofte, ons reg op voortbe-

(Vervolg op bladsy 3)

CHRISTIANITY IN COMMUNIST COUNTRIES

— PROF. G. C. OOSTHUIZEN

PART I

I have been asked to discuss Christianity behind the so-called Iron and Bamboo curtains. This is rather a difficult task but I think it is much better than merely giving an outline of what is taking place e.g. in East Germany. I hope to take a few countries, discuss the Church situation briefly and then to give a general outline of their theological understanding and the approach expected from Christianity in these circumstances.

EAST GERMANY

Germany as you know had been divided after the war into two sections namely the so-called German Federal Republic in the West, and the German Democratic Republic in the East, the latter

being ruled by the Russian-imposed Communist Government. German Protestantism had gone through severe tests during World War I and in post-war Germany it had to face National

(Continued on page 2)

Christianity in Communist Countries

(Continued from page 1)

Socialism — and after this again Communism. Before 1944 large proportions of the people in industries and mines had been drifting away from the Church.

Protestantism was severely tested under the Third Reich by National Socialism of which Hitler, the nominal Roman Catholic, was the great Führer, and by religious movements. Nationalism in Germany had been strengthened by men who had Protestant affiliations, namely, Fichte and Hegel. The so-called German Faith Movement had this same reaction to Christianity in its true interpretation. Added to all this was the work of Alfred Rosenberg (1893-1946) who emphasised the Germans as a master race as well as so-called folk religion. They rejected anything that came from Judaism. A number of university professors issued the so-called Eiscnach Declaration affirming their loyalty to the German faith and asking Hitler to give this faith official recognition.

The other main religious movement affiliated with National Socialism was the so-called German Christians. (**Deutscher Christen**) — **Die Glaubensbewegung Deutscher Christen**. They tried to give a religious foundation to National Socialism. They wanted a united Protestantism which would be the soul of the Third Reich. Their dream was to bring all the Churches into one National unity. Hitler became Chancellor on January 30th, 1933, and German Christians met in April, 1933, in Berlin in order to organize the Church into one single people's Church. Many pastors were attracted because they thought it would be a buffer against atheistic Communism. There were, however, different opinions on this. Müller was eventually elected Reichsbishop and had practically the same authority over the Church as Hitler had over the State. Eventually the Youth Movement of the Church was incorporated into the Nazi Hitler-Jugend. Niemöller became the leader of the so-called Confessing Church,

(**Bekennende Kirche**), which took form in January 3rd & 4th, 1934, at a meeting of a synod at Barmen in Westphalia. Barth made a notable address and was dismissed from the Church of Bonn. The so-called Barmen declaration was accepted on February 19th, in which the **Bekennende Kirche** clearly stated its position vis-à-vis Nazism.

Müller who was the leader of the established Church soon took measures against the Confessing Church. Niemöller was eventually thrown into prison and this brought the conflict between the Confessing Church and the National Socialists to a dramatic climax. In 1938, instead of a synod, the **Bekennende Kirche** convened a **Kirchentag** in Berlin. It reacted strongly to the persecution of Christians and Jews and deplored the persecutions and restrictions on the Christian education of the youth.

The War followed and the German Christians strongly supported the Government. The government continued its pre-war effort to eliminate from the theological faculties all open opposition to **National Socialism**. Many of those in the **Bekennende Kirche** worshipped in private houses, forests, in the veld, in barns, etc. There were those who gave their lives for their convictions. One reminds oneself here of D. Bonhoeffer. ("Letters and Papers from Prison.") Leadership came after the war from the opponents of the Nazi regime. In August, 1945, Bishop Niemöller organised **Die Evangelische Kirche in Deutschland**. (E.K.D.). **Hilfswerk**, a society established by the E.K.D. had as its aim to relieve widespread distress after the war, and to make contact with the many who were alienated from the Church. E.K.D. spoke out on public questions and the Church at one of its synods made its task in the world of labour one of its main themes.

Evangelical Academies were established — a creation of Eberhard Müller at Bad Boll in Würsenberg. In 1957 they numbered 18 — five of them in the German Democratic Republic. Farmers came to one conference, to another lawyers, to still another railroadworkers. The idea was to reach specific groups on

the fringe of the Church. They discussed the problems of evangelization of certain groups. They tried to get hold of the laity.

The **Kirchentag** movement which was started by a layman, Reinhold von Thadden-Triegloff, Chairman of the German S.C.A. and vice-chairman of W.S.C.F., also endeavoured to enlist the laity and deal with the problems of the revolutionary age. The first **Kirchentag** was held in 1949. This movement was an endeavour to counter the de-Christianizing phases of the revolutionary age. It sought to make Christ King of the new emerging society. The clergy also received attention at the faculties and the **Kirchlich Hoch Schülen**. The Young Men's Christian Association revived after the downfall of the Nazis.

The German Democratic Republic (Germany behind the Iron Curtain) had a predominantly Protestant population. Restrictions were immediately placed on the Church after the Russian occupation. It is impossible to discuss here all these restrictions put on the Protestant Church to bring it to its heel. I will refer only to a few.

In all totalitarian states the youth are affected first. They attempted to crush the youth movements. Religious instruction was made voluntary for pupils if the parents requested it. Teachers of religious instruction became fewer and in 1956 it was decided by the East Berlin authorities that religious instruction should not be permitted in schools beyond the elementary level. Only those pastors and catechists who were friendly to the "workers and peasant state" were permitted to teach the subject. They had to have special permits which were valid for only 3 months. These permits could be withdrawn by the headmasters at any time. These headmasters had control even over extra-school and extra-curriculum activities and this authority was applied to the preparation for confirmation.

The Communist regime attempted to substitute the confirmation for a formal dedication of youth (**Jugendweihe**). "Atheism" was the motto — weddings, funerals, naming of children were often

(Continued on page 4)

Afrikaner, Bantoe en Kommuniste

(Vervolg van bladsy 1)

staan afhanklik gemaak het van die volvoering van hierdie opdrag tot voorgedyskap.

Die derde groot begrip waarmee die Afrikaner sy verhouding tot die nie-blanke probeer bepaal het, is dié van „selfstandige ontwikkeling”. Hoewel baie politici hierdie begrip skynbaar onlangs eers ontdek het, en nou gebruik as 'n regverdiging vir baie dinge wat nóg met selfstandigheid, nóg met ontwikkeling iets te make het, skryf Prof. B. B. Keet reeds aan die einde van die jare dertig:

„(Ons) glo . . . dat die ontwikkeling van elke volksgroep volgens sy eie aard die beste wyse is om selfstandig te word. Aan daardie ontwikkeling moet geen perke gestel word nie . . . die gekleurde rasse moet tot selfstandigheid gebring word.”

As ons hierdie begrip ernstig opneem as „ontwikkeling tot selfstandigheid” en nie bloot as “selfstandigheid ter wille van geskiedenis” nie, dan is dit die noodwendige konsekwensie en eintlike sin van voorgedyskap, want die amp van voog is gerig op sy eie opheffing in die selfstandigwording van sy pleegkinders.

Maar in die afgelope tyd is 'n neiging in ons politieke denke te bespeur om ons reg op voortbestaan as 'n vrye volk te sien as 'n inherente reg op grond van ons historiese volk-wees en nie meer as 'n gedurige geskenk van God op grond van die volvoering van ons roeping nie. Die gerigheid op ander as die sin van ons voortbestaan word nou 'n gerigheid op onself, 'n bestaan-vir-onself. Ons nie-blanke naaste word nie meer gesien as 'n uitdaging tot die christelike lewe nie, maar as 'n gevaar en 'n bedreiging. Hierdie houding vind sy uitdrukking in die slagkrete van „swart gevaar”, „kafferboetie”, „apartheid”, „baasskap”, „segregeer of sterf” ens., maar vind ook gestalte in 'n duisend-en-een dinge in ons daaglikse lewe en wetgewing. Dit is 'n houding wat gewortel is in, en gevoed word deur, vrees en wantroue in ons naaste, 'n houding van die fundamen-

teelste ongeloof in die God van ons vadere.

'n Baie subtiele en daarom gevaarlike gevolg van hierdie houding is dat enigeen, ongeag sy motiewe, wat simpatiek is teenoor die Bantoe, wat hulle vriendskap en vertroue probeer wen en hulle wil help in hulle stryd om ekonomiese, maatskaplike, politieke, sedelike en opvoedkundige ontwikkeling as 'n heuler met „die vyand”, as 'n liberalis en 'n boetie van die kommuniste gebrandmerk word.

Maar is hierdie politieke houding trou aan ons verlede en relevant tot ons hede? Dat dit 'n breuk verteenwoordig met die „erwe van ons vadere” is reeds duidelik, want die gelofte van Cilliers en die implikasies daarvan behoort net soveel tot ons tradisionele erfgoed as ons taal en ander aspekte van ons kultuur.

Die implikasies vir ons hede is egter meer ontstellend. In 'n snel selfstandigwordende Afrika ('n selfstandigwording waaraan ons deur gelofte sowel as deur wetgewing nou gekoppel is), het hierdie houding en die daarmee gepaardgaande kommunistejag 'n vrees onder ons mense laat ontstaan om op enige manier as in 'n baas-kneg verhouding met 'n swartman om te gaan, en dit ten spyte van die feit dat die offisiële beleid die volle selfstandigwording (dus ook in intermenslike verhoudings!) van die swartman beoog.

Aan die ander kant het hierdie benadering die idee onder ons naturellebevolking laat posvat dat die enigste mense wat 'n oor vir hulle probleme en aspirasies het, die liberalis en die kommuniste is. So skep ons in ons bestryding van die kommuniste 'n beeld van die kommuniste as die „groot bevryder” en die „vriend van Afrika”. En deur ons gedurige bevestiging dat allerhande wetgewing wat eintlik niks anders beoog nie as die beskerming van blanke regte, vryheid, ekonomie, mag en gemak ten koste van die nie-blanke, nodig is vir die voortbestaan van die blanke, christelike, westerse beskawing, skep ons die beeld van die christendom as 'n net-vir-blankes godsdienst, as 'n godsdienst van die onderdrukker, en bewaarheid ons die klag van die kommuniste dat die godsdienst niks meer is nie as 'n opium om

die verdruktes van die wêreld te weerhou van die eis van hulle regte.

„In die Vaderskap van God is inbegrepe twee groot beginsels . . . Die een is die oneindige waarde van iedere mens, wat sy nasionaliteit, kleur, taal of maatskaplike en morele toestand ookal mag wees. En die ander is die broederskap van alle mense . . . Nie alleen individue, maar ook alle rasse en nasionaliteite staan gelyk voor die aangesig van God, en vorm deel van een en dieselfde broederkring.”

Dit is nie 'n kommuniste of liberalis wat hier aan die woord is nie, maar Dr. D. F. Malan. Maar sedert hy hierdie woorde gespreek het, het ons toegelaat dat die groot begrippe van menslike waardigheid, vryheid, broederskap en vele meer die alleenbesit van die kommunistiese wêreld word. Tensy ons hierdie begrippe weer in hulle fundamentele Bybelse sin herontdek en uitleef, het ons geen reg, laat staan nog die krag, om die kommunistiese opmars in Afrika te stuit nie.

ONS ENIGSTE REG OP VOORTBESTAAN

Want die kommuniste is 'n antwoord op die sosiaal-ekonomiese nood van die minderbevoorregte massas van die wêreld. Oorspronklik was dit gerig op die nood van die industriële arbeider in Europa, maar het in Afrika vandag homself aangepas aan die nood van die nie-blanke volkere. Ons moet hierdie nood en hierdie antwoord ernstig opneem, want daar is net een manier om die kommuniste effektief te bestry, en dit is om die nood waarop dit 'n antwoord is te bestry. En as ons geen beter antwoord op daardie nood het nie, dan het ons geen reg om die wapens teen die kommuniste op te neem nie. Ons moet bereid wees om meer vir Afrika en sy inwoners te doen as die kommuniste omdat ons hulle liever het as wat die kommuniste hulle lief het. Ons handelinge mag nie gedra word deur 'n vrees vir die kommuniste nie, maar omdat ons 'n goddelike opdrag het en omdat ons deur Jesus Christus verlos is van ons selfgerigheid moet

Afrikaner, Bantoe en Kommuniste

ons die nuwe Afrika onbevrees en sonder ideologiese bybedoelings vreugdevol toetree.

Daar is geen historiese, politieke of religieuse redes waarom die stryd om die fisiese, geestelike en politieke ontwikkeling van Swart Afrika nou juis die domein van die kommuniste of liberalis behoort te wees, soos sommige van ons politici by implikasie voorgee nie. Maar ten spyte van ons roem op ons voogdyskap, is dit 'n feit dat die meeste welsynswerk, opheffings- en noodlenigingswerk onder naturelle deur ons Engelsprekende medeburgers gedoen word. Onder al die fondse wat deur ons Afrikaanse dagblaai geloods word, het ek nog nie een ter wille van die nie-blanke teengekome nie! Ons wat 'n volkskongres kon hou oor die armblankeprobleem **moet** eenvoudig nou 'n weg vind om die uiterste teenstelling tussen die ekonomiese besit van wit en swart uit te wis. Dit is nie kommunisme of liberalisme nie, nog minder is dit 'n dwase idealisme — dit is die opdrag (deur God) en die onderneming (deur ons vaders) wat ons volk konstitueer het. **D't** is ons enigste reg op voortbestaan.

Maar die nood waarin swart Afrika verkeer is veel omvattender as die bloot ekonomiese, en dit is hierdie totale nood wat ons op ons moet neem en waarop ons met ons hele bestaan 'n antwoord moet soek. Die enigste aspek van hierdie nood wat die Afrikaner op hom geneem het, is die sendingnood, maar hoe belangrik dit ook mag wees, is dit nie genoeg nie. Ons moet ons jongmense as ingenieurs en onderwysers, as boere en besigheidsmense, as dokters en tegnisi die Bantoegebiede sowel as die groter Afrika instuur, nie om te heers of gedien te word nie, maar om te dien en op te hef, want 'n ware voog offer net soveel vir sy pleegkinders op as vir sy eie. Ons roem ons op ons voogdyskap, maar ons laat dit aan die Amerikaners oor om 'n vredeskorps vir Afrika te stig — of het hulle meer verantwoordelijkheid hier as ons?

GOD KAN NUWE MOONTLIKHEDE SKEP

Dat die politieke ontwikkeling van die Bantoe-gebiede 'n belangrike eksperiment is in 'n wêreld waarin politieke saambestaan 'n probleem geword het, en dat die regering reeds baie doen vir die nie-blanke op die gebied van opvoeding, behuising en hospitalisasie, is ongetwyfeld waar, maar tensy dit gepaard gaan met 'n verandering van hart onder **alle** blanke (Afrikaans- sowel as Engelssprekendes), sodat ons die nie-blanke as mens en landgenoot, as naaste en broer kan eer en respekteer, dan maak ons alles wat in hierdie sosiaal-ekonomiese opheffingswerk gedoen word tot niet en maak ons die leer van aparte ontwikkeling tot 'n bluf en 'n leuen. Wat tel is dat ons ons nie-blanke medeburger as mens sal ontmoet, want daarsonder is alles wat ons vir hom ook mag doen niks minder as 'n belediging nie.

Dit bring ons by seker Afrika se grootste nood, dié van kommunikasie tussen blank en nie-blank. Daar is onder blanke Suid-Afrikaners 'n byna neurotiese vrees te besneur om in gesprek te tree met die nie-blanke oor sy frustrasies en ideale, sy probleme en sy hoop vir die toekoms. Is ons bevrees dat ons die werklike omvanga van ons ongeregtigheid sal besef? Laat ons dan liever in ooreenstemming sterwe as om in ongeregtigheid te bly voortbestaan.

Maar hierdie uiterste denkmootlikhede is nie die noodwendige gevolg van so 'n gesprek nie, want God kan uit die openheid van so 'n gespreksituasie nuwe moontlikhede skep waaraan beide van die gespreksgenote nooit gedink het nie. Maar dan moet ons bereid wees om nie net te praat nie, maar ook om te luister, nie net te eis nie, maar ook om toe te gee, want alleenlik hy wat oop is vir oortuiging, kan oortuig.

Alleenlik dan sal ons optrede in Afrika gemotiveer wees deur meer as 'n politieke simpatiekerigheid of 'n beangste anti-kommunisme. Alleenlik dan kan ons volledig in ons roeping staan; alleenlik dan kan ons hoop dat God dit aan ons sal skenk om volwaardig volk te wees en hier te mag

voortbestaan, en alleenlik dan kan ons hoop om die kommuniste effektief te bestry.

Mnr. Kriel was voorheen lektor in Filosofie aan die Rhodes Universiteit, Grahamstad, en studeer tans verder met die oog op 'n Doktersgraad in Medisyne.

Christianity in Communist Countries

(Continued from page 2)

done in the atheistic spirit with the result that baptisms, confirmations, and Church weddings declined. Many pastors had to do secular work in order to supplement their salaries. It was difficult to build new or renovate old churches. Active Christians were discriminated against. Theological education experienced many obstacles. Many professed Christians who were workers were imprisoned, being accused of subversive activities.

The Protestant Church presented sturdy resistance to these attacks. The leader was Otto Dibelius, Bishop of Berlin. He was a leader during the Nazi years in the **Bekennende Kirche**. He was one of the main figures in the formation of the Evangelical Church in Germany. (E.K.D., **Evangelische Kirche in Deutschland**). The members of the E.K.D. had three possibilities: to conform; to openly oppose the State and become martyrs; or to recognise the authority of the Government, but to assist those who are oppressed and to help those Christians who are in official positions. The Church in East Germany decided on the latter course. They realised that only a total war could throw off the Russian power, and that guerilla and underground warfare would be futile. The Christians believed that they had to give testimony to their faith under **all** circumstances and to put their cause before the authorities and the public. They maintained that they could witness even in prison to the message of the Gospel and so be a help to fellow prisoners as well as to secret policemen, spies and in-

(Continued on page 6)

Inleidingsartikel:

DIE REGTE BENADERING

Byna 'n jaar het verloop vandat die Volkskongres oor Kommunisme gehou is — tyd genoeg om 'n objektiewe antwoord te soek op die vraag in watter mate daar enige blywende positiewe vrug tot stand gekom het in ons stryd teen die Kommunisme. Ons het destyds daarop gewys dat beide Kerk en gemeenskap in Suid-Afrika baie versigtig moet wees om nie in ons oorywer om die Kommunisme te veroordeel en te beveg, te verval in 'n emosionele vreesreaksie wat aan historiese grens nie en ons wil dit nou weer herhaal en beklemtoon. Oor die totale verwerping van Kommunisme as anti-Christelike en anti-godsdienstige ideologie val daar nie te rede neer nie — daarvoor is almal wat Skrif en Kerk bo alles bemin dit eens. Ons verskille ontstaan wanneer ons wil vasstel wat die oorsake van en die strydmetodes teen die Kommunisme is. En wanneer Christene uiteenlopende sienswyses oor laasgenoemde sake huldig en hulle meninge op 'n verantwoordelike wyse lug, moet daar nie die goedkoop kreet van „liberaliste“, „Kommunistiese saamlopers of frontgroepe“ aangehef en aangewend word om Christene wat dit eerlik meen, verdag te maak in die oë van die samelewing nie. Dat dit gebeur het en nog gebeur moet duidelik wees vir elkeen wat oë het om te sien en ore het om te hoor.

In die lig van die gebeure in ons land en in Afrika, veral in die afgelope jaar, is ons meer as ooit van mening dat die enigste gesonde benadering met die oog op die bestryding van die Kommunisme is om:

- (1) Volledige en verantwoordelike feitekennis deur erkende deskundiges op dié gebied te versamel en te versprei oor die wese, doelstellings en werkmodes van die Kommuniste.
- (2) Al die faktore — ekonomies, sosiaal, polities en geestelik — wat die Kommunisme se groei bevorder, onder die oë te sien.
- (3) Die taak en roeping van beide Kerk en Christen in dié verband te bepaal en dan dienooreenkomstig te handel.

Dat dit 'n geweldige taak is wil ons geredelik toegee. Dat dit 'n taak is waarby nie net die Kerk nie maar ook die owerheid en die gemeenskap 'n verantwoordelikheid het, spreek vanself. Juis daarom wil ons deur ons blad by wyse van 'n aantal artikels afkomstig van deskundiges sowel as besorgde belangstellendes (wat nie voorgee om noodwendig deskundiges te wees nie) die aandag van ons lesers op hierdie saak toespits sodat veral die Christene in ons land tot helderheid kan kom oor ons taak en optrede in dié verband.

Ons hoop van harte dat daar in kerklike kringe genoeg belangstelling openbaar sal word om te kan lei tot lewendige diskussie en doelgerigte aksie om te voorkom dat ons maatskaplike struktuur 'n vrugbare teelaarde bied vir die infiltrasie van hierdie goddelose leer. Maar bo al soek ons na die uitlewing van die waarheid dat daar waar die Evangelie met volle begrip en in diepe toewyding verkondig en uitgeleef word, die Kommunisme moet versterf.

Editorial:

Multi-Racial Religious Gatherings:
Clarity needed

The steps which the Government have taken with regard to multi-racial audiences at places of public entertainment have created a considerable measure of confusion, not only in the minds of theatrical and sports bodies, but also amongst Christians who meet regularly with fellow-Christians of other races in the execution of their religious or denominational duties. The responsible Minister of State has indicated that an official statement would be issued shortly to clarify the issue and eliminate any further misunderstanding. We welcome this announcement but it seems to us that this will only cover the secular bodies whereas legal opinion has already indicated that it could also affect the church — not so much in its worship as in its study programmes and conferences.

We cannot for one moment assume that the Government intended that these new regulations, in which permits would be required for many types of social and sport meetings or functions, should include or affect *bona fide* religious gatherings where the church, as in the past, gives expression to its obedience to its Lord and Master, to its duty of proclamation of and instruction in the Gospel to people of all nations. This Government, as all previous Governments of our country, has time and again re-affirmed its acceptance of the principle of religious liberty and its non-interference in those spheres of life, witness and service which legitimately belong to the church as the Body of Christ. We accept these assurances but it must be clear to everybody by this time that the latest measures announced with regard to multi-racial meetings have created not only confusion amongst new Christian groups, but also an unnecessary hesitancy to participate in church activities which have been going on normally for many years. Some church members have even come to the conclusion that it has now become illegal for Christians of different races (if such races include more than one colour) to meet in worship, conference, study, prayer and fellowship.

There is no doubt that this lack of clarity is harming the Christian fellowship and witness of all churches and Christian bodies in South Africa. And because we accept the assurance of the State Authorities, we feel it is essential that bodies like the Christian Council of South Africa and the Raad van Kerke van Gereformeerde Belydenis (N.G. Kerk) should approach the Government and issue a statement (jointly, if possible, but separately if not) to clarify the position and to serve as a reliable directive to all denominations and Christian organisations.

This is not just a matter of administration and organisation as far as the Church is concerned: it could, without ever having been intended to be such, become the beginning of a dangerous development which could eventually cut at the very roots of the life of the Church. And every denomination as well

(Continued on next page)

Oordenking:

So God Een Vader Is

(Johannes 17:11b)

Reeds buitekant die kerk
wys ons met trots die spil
waarom dit alles draai:
die puur menslike wil.

Die kruis het ons verban,
en dit sonder een traan:
die kruis is mos te Rooms
om op ons kerk te staan!

Nou koning-kraai die haan
en wys dat hierdie land
nie paapsgesind is nie,
maar uiters Protestant.

So God een Vader is,
is nie Sy kinders een?
Ken Hy 'n sinodale
en 'n paapse seën?

Voorspel die Bybel nie
wat vir Maria wag:
dat ons haar salig noem
geslagte tot geslag?

„Bely mekaar jul' skuld,
maar ons glo nie aan biege;
is dit dan Protestants
te sê die Bybel lieg?

Daar sal altyd iets bly
wat ons nooit sal verstaan;
maar buig? Aikona! Ons
bars van die eiewaam.

Laat dus die Here bid
vir eenheid in Sy kerk;
ons kies en sal verkies
ons eie handewerk.

So God een Vader is,
is nie Sy kinders een?
Ken Hy 'n sinodale
en 'n paapse seën?...

Hans van der Burgh.

(Continued from previous page)

as every Christian who puts loyalty to Christ above all other loyalties, must face this issue and understand the possible implications. We owe this to our Lord, to his Church and his people — in as well as outside South Africa.

Christianity in Communist Countries

(Continued from page 4)

formers and such like 'missions' of the state. These people they maintained, were all in need of the deeper values of life. They believed that God would use their efforts for His purposes and that He would give them strength even behind iron bars or in a Siberian prison camp.

The Church carried on with its work, refused to register its meetings with the police and they continued to carry out their programmes until prevented by the police. The Protestants in East Germany continued with this attitude in a limited degree and often at great cost. They were clearly **"a Church under the Cross"**. They carried on with their fine evangelical Academies and attended the **Kirchentag** in spite of obstacles that officials put in the way. They continued with Church services and Christian instruction although often with great difficulty. Dibelius continued to emphasise the position of the Church and pastors read these statements from their pulpits. Many of the youth outwardly professed that they accepted the Communist position but tried to keep the faith also, in order to secure advanced education and employment. Many maintain that the Protestant Church is more vital in the Eastern Zone than in the Western Zone.

RUSSIA

In July 1917 the Communists took over the Government. Production, distribution and transport were confiscated and made state institutions and the land was nationalized including that of the Churches and Monasteries. Early in 1918 the Church was formally separated from the State and all religious ceremonies and objects were eliminated from Government offices and functions: state financial support of the Churches stopped; religious teaching in the schools ceased and all property of the Church was confiscated; priests and other ministers were declared non-workers

and servants of the bourgeoisie and disenfranchised. Priests were killed in some places and one bishop also, although this happened as a result of local violence and not with the approval of the central government.

At first the Communist regime was denounced by the Russian Orthodox Church. (cf. J. S. Curtiss, "The Russian Church and the Soviet State, 1917-1950".) The civil war in Russia (1918-20) intensified the conflict as well as the famine from 1921-22 which swept the Ukraine. The Church itself was weakened as a result of division. The Living or Renovated or Renovationist Church arose which was led by clergy favouring co-operation with the Communist regime. The Communists supported this Church but attacked the Church as such which reached a peak in the 1930's when the anti-religious five year plan was adopted in 1932. In 1937 more than 1900 places of worship were closed i.e. 1,100 Orthodox Churches, 115 Synagogues, 110 mosques, 240 Roman Catholic Churches, 61 Lutheran Churches, etc. The German invasion, however, brought a partial truce. Gradually the Orthodox Church recovered. "The League of the Militant Godless" was now much less active and so was the anti-religious campaign. There was an inner vitality in the Church, it took a greater interest in political and social issues and at the same time there was a greater appreciation of the contribution the Church has made to the Russian culture, an appreciation due to the rising tide of nationalism.

The number of parishes increased in the period 1945 to 1949 from 16,000 to 22,000. In 1957 the Moscow Patriarchate told Christian Youth who visited the country that there were 20,000 Orthodox Churches, 35,000 priests, 8,000 monks, 8 seminaries and 2 academies for preparing priests. The Church, however, could only operate with the consent of the Government. In July, 1945, several Orthodox Churches met in Moscow where resolutions were adopted in accord with U.S.S.R. policies, e.g. condemnation of the Roman Papacy and refusal to co-operate

(Continued on page 13)

HIERVAN EN DAARVAN

"I hope you will not tolerate leadership in your churches by those who want to cut Christ down to suit the compromise and comfort of modern man, instead of holding modern man up to the everlasting challenge and cure of Christ on the Cross."

— Peter Howard, voor 'n gehoor in Ottawa, 20 Jan. 1964.

BY DIE DOOD VAN PETER HOWARD

Peter Howard is nie meer nie. Die vurige blik van sy donker oë sal deur ons nie weer gesien word nie, en die silwer klank van sy woorde sal nie weer gehoor word nie. Met verbasing en verslaenheid moes ons in die koerant lees dat hierdie onvermoeide en onverskrokke kampvegter vir die Goeie, die Ware en die Edele skielik, na 'n siekbed van slegs twee dae, in Lima, die hoofstad van Peru, oorlede is. Hy was daar as leier van 'n groot geselskap van die Morele Herbewapening wat die afgelope maande 'n groot kampanje deur verskillende state van Suid-Amerika geloods het. In die middel van hierdie groot werk — 'n werk van onberekenbare waarde in die kritieke tyd waarin daardie state hulle tans bevind — is hy eensklaps weggeneem, nouliks 56 jaar oud.

VERLIES VIR DIE VRYE WÊRELD

Sy vroeë dood sal 'n swaar verlies wees vir die wêreldwye beweging waarvan hy — saam met manne soos Bremer Hofmeyr van Suid-Afrika en Dr. Paul Campbell van Kanada — sedert die siekte en dood van Frank Buchman in 1961 die leiding moes dra. Maar meer as dit: dit is ook sonder enige twyfel 'n groot verlies vir die ganse Vrye Wêreld van ons tyd. Maar hoeveel mense sal weet wat hierdie man, Peter Howard, in belang van die Weste en van die Christendom gedoen het? Ons het onlangs gesien hoe al die vrye nasies van die wêreld hulde gebring het aan die nagedagtenis van Churchill. Dit was reg en goed dat dit gebeur het. Ons het gesien hoe die wêreld byna gek geword het by die dood van Pres. Kennedy, en hoe hy gehuldig is buite alle verhouding tot die werklike betekenis wat hy ooit kon gehad het. En nou is dit treffend, en baie insiggewend, dat die dood van

'n man soos Peter Howard slegs met 'n klein beriggie op een van die binne-bladsye aangekondig is. Wie hom ooit in lewende lywe gesien en gehoor het, en wie ooit een van sy toneelstukke gesien het, sal moet erken dat hier 'n man was wat deur woord, geskrif en lewende voorbeeld, 'n nuwe rigting en 'n nuwe inhoud aan tienduizende lewens gegee het, in Europa, in Noord- en Suid-Amerika, in Afrika en in Asië.

Sy energie was net so onuitputlik soos sy literêre talent; hy was op verskillende stadia van sy lewe die voorste rugbyspeler, die beste joernalis, en die suksesvolste dramaturg van Brittanje; die **twalf boeke** en **sestien toneelstukke** wat op sy naam staan, het sedert die oorlog byna 'n halfmiljoen dollar aan winste opgelewer, wat hy alles gegee het aan die saak waarvoor hy geveg het.

SPREKER EN TONEEL- SKRYWER

Vier jaar gelede het ek die voorreg geniet om veertien dae deur te bring in die groot konferensie-sentrum van hierdie beweging in Caux, Switserland: hoog teen die berg, met pragtige uitsig oor die Meer van Genève. Dag na dag het ek Howard daar hoor praat. 'n Lang, maer, atletiese figuur; donker, vurig, en hartstogtelik. Sy ganse persoon was die lewende beliggaming van daardie intense toewyding en diepe sedelike erns wat hy deur sy woorde by sy gehoor wou laat posvat. Hoe dikwels het ek toe gewens dat ek ons hele Sinode, ja ons hele Volksraad daar kon hê om na die besielde woorde van die man te luister! En elke aand was daar in die mooi skouburg 'n opvoering van die een of ander van sy toneelstukke: elkeen 'n pakkende drama van voor tot agter, en elkeen met 'n positiewe, christelike boodskap vir elke toeskouer. Onvergeetlik bly nog vir my die opvoerings van stukke soos **"Pickle Hill"**, **"The Real News"**, **"We Are Tomorrow"**, **"The Ladder"**, **"The Choice"**, en **"The Hurri-**

cane" — laasgenoemde sedertdien in Kenia verfilm en onlangs hier in S.A. vertoon.

Wat ek 'n besondere voorreg ag, is dat ek Howard self die hoofrol sien vertolk het in meer as een van hierdie stukke. Wie van ons kon toe gedink het dat hy binne vier jaar vir altyd van die toneel sou verdwyn?

TOESPRAKE UITGEGEE

Tot my vreugde bemerk ek dat daar onlangs by die uitgewers **Henry Regnery Company, Chicago**, 'n klein bundel van 12 toesprake van Peter Howard verskyn het: almal toesprake wat hy op verskillende plekke in die V.S.A. en Kanada gehou het tydens 'n reis deur daardie dele, nou presies een jaar gelede. Hierdie kort, pittige toesprakes laat ons Howard op sy beste sien: humoristies, wydbereis, wydbelese, vlymskerp in sy oordele, skitterend in sy epigramme, maar bowe-al, deurgaans besiel met 'n waaragtige christelike liefde tot die mens met wie hy praat en oor wie hy praat. As illustrasie van sy gedagtes, en as klein huldeblyk aan die nagedagtenis van hierdie buitengewone man, haal ek enkele paragrasies aan.

TIPIESE UITSPRAKE

- "If we could get the men of God actually to become the most passionate revolutionaries in the modern world and to live together as people ought to live who believe in God, I do not think there would be the slightest threat to liberty. If the men who still believe in God learned to make God the most revolutionary force in their lives and in the lives of their communities, the whole world would say: 'Of course, that's how we are meant to live.' That is part of our battle. It is a very hard part of our battle, because if you tackle the righteous, they get

(Vervolg op bladsy 11)

The Church must not make Political Decisions

— S. P. FREELAND

Secular politics has once again forced its way into the councils of the Christian Church, dictating a decision which many Christians will regard as being contrary to the mind of Christ.

The Council of Governors of the St. George's School, Cape Town, has ruled, by a narrow majority, that children be excluded from the school solely on account of their race.

No Christian or group of Christians can claim, of course, to have a monopoly of wisdom and guidance in the often difficult task of finding the will of God in a given situation. One readily concedes that there is always room for honest and sincere differences of opinion in regard to what is right and Christian in a particular context.

What is of deep concern to many of us, however, is not that there are such differences so much as the motives which sometimes lie behind them.

No one pretends that the issue with which the St. George's Council had to deal, arising from the application of a Coloured churchwarden for the admission of his son to the school, was an easy one. Test cases are never easy, and this was clearly a test case.

There will be those who honestly feel that the application should never have been submitted, that its purpose was merely to embarrass the Church of the Province of South Africa.

On the other hand many believe that it was made in all sincerity, because the churchwarden in question, like many others, was genuinely concerned at the compromising situation in which his church found itself over the fact that its schools were virtually "for whites only".

Whatever the motive, the application was made, and appears to have been given careful consideration.

Unfortunately it was apparently viewed by the majority of the Council, not as a straightforward application to be dealt with on its merits and according to the clear scriptural principles which the Church of the Province has so faithfully enun-

ciated down the years, but as a matter to be specially considered in the light of "trends of legislation".

In other words, the decision to exclude Coloured children was a political decision.

It is this increasing tendency to allow political considerations to influence the decisions of the Church concerning its own internal policy that many of us view with deep concern.

Although the school is governed by its own elected Council and not by the Diocesan Synod, this does not alter the fact that it is closely associated with the Anglican Church. For this reason its policy ought obviously to be in line with the teachings of its parent body, the Church of the Province of South Africa.

There is no question but that the governors did what most of them believed to be right and proper under the circumstances. Their integrity and sincerity in coming to the decision they did is not in question.

Nevertheless it is difficult to avoid the conclusion that they have, however sincerely, deviated from the clear command of Christ to render unto Caesar the things that are Caesar's, and unto God the things that are God's.

In allowing politics to interfere with matters of religious concern they have rendered unto Caesar the things that are God's.

This is not the first indication of a growing "Vicar of Bray" attitude on the part of some members of the Christian Church in South Africa, who act on the assumption that Christianity must "adapt" its principles and its teaching to the prevailing doctrines.

This is a caricature of Christianity!

In recent years a number of churches in South Africa have elected moderators, bishops and presidents who have been non-Europeans by race. Their election in every case has been motivated by the simple desire to put in the best man for the job. Politics has had nothing to do with it, and no change of church policy has been involved.

Yet on all these occasions there has arisen a small body of people who have tried to drag in political considerations, and who have protested that such appointments have been "against the policy of the government!"

This is politics interfering in religion with a vengeance!

THE DIVINE IMPERATIVE

Suppose Christ had thus tempered His teaching and practice to the wishes of the rulers of His day. He would certainly not have been crucified, and in all probability He would have been forgotten within a short time.

Or imagine the apostles meekly giving in to the authorities when they were ordered to be silent, and saying, "We must obey men rather than God!"

How different would have been the history of Christianity if its disciples in every generation had been as fearful and accommodating as some modern Christians, and had been prepared to bow down to secular rulers who tried to tell them what was right in the sight of God.

Here is one of the greatest dangers to the Christian Church of today, that we allow secular authorities to be our guide in the conduct of religious affairs.

There is dire need in these days of the spirit of Luther and other faithful Christian leaders of the past. The time has come when we too must be prepared to say, "Here I stand; I can do no other; God help me!"

Once and for all we must resolve to keep politics out of the Christian Church, and determine to render unto God alone the things that are His.

Let the Church BE the Church! Let its pronouncements be, not "Thus saith the Government" or even "Thus saith the Opposition", but "Thus saith the Lord!"

Let it be guided in all its sacred duties, not by "trends of legislation" but by the clear commands of Christ.

Let it eschew the language and methods of politics, and faithfully fulfil its tasks as a body of people dedicated to finding and doing the will of God at all times and in all circumstances.

Unless it does these things, the Christian Church in South Africa, however popular it may become, is doomed.

Evangelie – Rewolusie – Verlossing

DR. MARTIN LUTHER KING PREDIK DIE GELOOF VAN DAAD
EN VOLEINDING

Ons lewe in 'n wêreld wat in hewige beweging is, in rewolusie. Maar ons moet daarby nie vergeet nie, dat hierdie beroering en omwenteling vir 'n groot en goeie deel die gevolg is van die feit dat die Evangelie oor die hele wêreld verkondig is. Die Christendom was die eerste om die idee van 'n brøederskap van alle mense te bring. Die Christendom het daarmee iets gebring waarop mense en volke hul hoop kon vestig. Die Christendom het ook die ontwikkeling van opvoeding en onderwys aan die gang gesit. En die Christelike prediking het by baie mense die oortuiging laat posvat dat die boosheid in die wêreld nie onoorwinbaar is nie en dat die Christelike Westerse volke die mensdom sal voortlei na 'n nuwe samelewing op aarde, wat in die teken van die Koninkryk van God sou staan. Die mense wat hierdie belofte in ons verkondiging gehoor het, het dit letterlik opgevat. En nou eis hulle dat dit waar gemaak word.

Dit was die Amerikaanse Baptiste-negerprediker Dr. Martin Luther King jr. wat onlangs in die slotbyeenkoms van die Konferensie van die Europese Baptiste-federasie te Amsterdam hierdie eenvoudige maar verrassende waarheid tot 'n uitgangspunt gemaak het van 'n pakkende betoog, wat geëindig het met 'n oproep tot die Christene van die hele wêreld om hul geloof en die verkondiging van die Evangelie waar te maak, sowel in hul persoonlike as in hul georganiseerde lewe, deur met God uit te gaan in die onbekende land om nie die las van die kruis te probeer ontwyk nie.

Hierdie kyk op die rewolusionêre ontwikkeling van ons tyd — gevolg en opdrag tegelyk van dieselfde Evangelie — is te verstaan uit die milieu van 'n Christelike negerbevolking wat in opstand kom teen 'n onchristelike en onmenslike diskriminasie soos dit tans in die Verenigde State in die kringe van dr. King die geval is. Vir die byna vyfduisend Europeane, wat in die R.A.I.-gebou onder die gehoor van dr. King was, bly dit egter ook 'n aktuele vraag in hoeverre welig die rewolusionêre beweginge wat Europa benou, ewe-eens ook voorberei is deur die Christelike prediking en juis van die Westerse Christene 'n juiste vervulling vra.

Baie Christene, sê dr. King, het ons aandeel in die ontstaan van die wêreld-rewolusie vergeet of verloën en hulle het dit vir die Kommuniste maklik gemaak om hierdie rewolusie heeltemal op hulle naam te bring.

Maar ons mag nie ons eertydse pogings om die wêreld na Christus

te bring nie opgee net alleen omdat die wêreld nie tot Christus kom soos ons dit ons voorgestel het nie... God werk in die kragte van die geskiedenis, in die sake van die mense. Christus het sy lewe gegee vir die verlossing van hierdie wêreld en in hierdie wêreld moet ons as sy volgelinge ons lewe gee om die versoeningswerk van Christus voort te sit.

VERSOEKING

Die kerk is nou voor die versoeking om te probeer om die wêreld terug te voer na 'n meer statiese toestand en om die gemeentes te vermaan om „die pad van die vadere nie te verlaat nie.”

Maar dit beteken niks minder as om dié God te vergeet wat met die woorde van Openbaring 21:3 belowe het om alle dinge nuut te maak, wat van plan is om alle dinge in die hemel en op die aarde in Hom te verenig, soos Ephese 1 vs. 10 sê.

Ons het feitlik geen keuse nie, so gaan dr. King voort. Want dit sou seker die dood van die kerk beteken as hy berus in 'n 18de eeuse bestaan terwyl die wêreld verder gaan. En sonder die profetiese getuïenis van die kerk sou die wêreld één groot bloedbad kon word. Ons sien alreeds hoedat kerk en wêreld altwee al hoe meer verbroekel nou dat die kerk etlike jare lank rakende die groot vraagstukke van hierdie tyd stil gebly het. Die belangstelling vir die kerk in die Verenigde State is slegs 'n laaste wanhopige uiting van die verlange dat moeder kerk ons sal vrywaar van die onsekerhede van ons tyd en van die komende eeu. Intussen word die lewe van die ge-

sin en die maatskappy al hoe meer ontwrig en die aard van ons nasionale bestaan wys homself in die gewildheid wat 'n kandidaat vir die presidentskap geniet as hy belowe om die land terug te bring na die wêreld van die verlede, sonder belastings, sonder hulp aan die buitenland, sonder sosiale voorsienings en sonder moeilikhede wat nie met atoomkrag opgelos kan word nie. En hierdie kandidaat vind sy aanhang juis by diegene wat die kerke in die state van die Midde-Weste en die Suide vul.

GROEPSGETUIENIS

